

KAGGEN.....boesmangod, hotnotsgod

MANTODEA (Grieks: iemand wat SIEN/ profeet)

E: (praying) Mantid A: hotnotsgod D: Gottesanbeter/in, Mantis

Die Boesmannaam in die RSA is Kaggen; dis die naam van die betrokke god en nie soseer die naam vir 'n insek nie.



vreeslose jagter

Hulle lyk soos "aliens", vreemd, skrikwekkend, nie van hierdie aarde nie.

Hulle is die leeus of tiere onder die insekte: uiters suksesvolle jagters,ALTYD HONGER,alles wat beweeg word bespied, onder die oog geneem vir 'n moontlike prooi.

Verskillende kulture op die aardbol vereer en aanbid hierdie insekte...HOEKOM?

Dis die liggaamshouding wanneer dit op sy prooi wag: "arms" (voorste paar bene) biddend opgetel of opgelig soos om die seen uit te spreek, kop effens opgelig asof dit na Bo kyk / in die toekoms kan sien (van daar die wetenskaplike naam).



Kaggen seen

Jagters moet goed kan sien, die hotnotsgod kan BAIE GOED sien; dit het twee samegestelde oe aan weerskante van die kop EN drie punt-oe in die middel van die gesiggie,(daar waar ons die "derde oog" by ons vermoed).

In Afrika asook in Europa bestaan vandag nog die geloof, dat die mantis vir jou die regte rigting kan aandui (met die kop of een "arm"), as jy die pad bystergeraak het. Verder word geglo, hulle wys die rigting vir 'n prooi as jagters vleis soek. As jy die diertjie sien, vra jy vir hom en dan gee dit die teken met die "arm" of draai die kop (Mantids kan hulle kop draai en op en af beweeg, buitengewoon vir 'n insek)




twee samegestelde oe plus drie punt-oe (ocelli)

Kaggen is 'n jaggod, mantids jag deur die prooi in te wag. Hulle sit bewegingsloos op 'n takkie, vangarms opgetel om blitsvinnig toe te slaan en die prooi tussen die skerp getande lede van die arms vas te knyp (soos in 'n slagyster). Die prooi het GEEN kans om te ontsnap nie. Van die kop af word die prooi by lewende lywe opgevrete. Selfs die mannetjie is gedurende die bevrugting van die eiers nie veilig nie, van die voorkant af word dit opgevrete, die agterent werk verder. (gelukkig behoort ons nie aan daardie kategorie diere nie!!!).

Eenkeer kon ons dophou, hoe 'n hotnotsgod met 'n heuningby gedeel het: die gifangel is met een "hand" vasgeknyp en weggehou van die res van die maaltyd....., die angel is al wat oorgebly het.Dus, hulle weet OOK van bye se gif.

Buiten die uitstekende sig en die effektiewe jagmetode kamofleer hierdie insekte hulleself om perfek met die agtergrond te versmelt en "onsigbaar" te word. Dit word bewerkstellig deur kleurpatrone asook snaakse aanhangsels aan vlerke en/of lede van die ses bene. As gevolg van hierdie "onsigbaarheid" en dan die skielike opdaag, het die indruk ontstaan, dat die insek in iets anders kan verander (stok, boombas, blaar, gras)...kan tower, wat 'n god ook kan doen. Wanneer die insek vervel en die vel uitdroog, krul die "pype" waarin die voelers gesit het effens in en lyk soos bokhorings; so verander Kaggen van insek na bok



insek verander in bok



Boesmankinders speel Kaggen



perfekt gekamofleer

Voortplanting geskied deur eiers wat in 'n skuimpakkie teen 'n tak vasgesit en deur die son uitgebroei word. Die skuimpakkie is slym wat geklits word om lugblasies te vorm. Die lugblasies kleef teen mekaar vas, die slym word droog.....watter perfekte beskerming teen hitte en koue, teen stampe, teen gulsige insekeiers-vretende diere!



Massageboorte



skuimpakkie van 'n hotnotsgod

Die hotnotsgod is inderdaad een van die merkwaardigste "goggas", waarmee die Skepping vorendag gekom het, en dit wys eintlik vir ons die veelvoud van die natuur EN hoe die mens daarop reageer. In die sewentigerjare is daar selfs 'n balletopvoering met die naam "Mantis Moon" in Windhoek op die planke gebring; die komponis van die musiek, ene Hans Maske, Duits-gebore "Suidwester", die storie gebaseer op 'n Boesman-legende. (Die hotnotsgod jag ook in die nag, word deur lig aangetrek. Die ballet is slegs eenkeer op die planke gebring....ek het dit gesien, ek was BAIE be-indruk destyds).

Inligtingsbronne: Remarkable Insects of South Africa (Lambert Smith)
 Insects of Southern Africa (Clarke H. Scholtz * Erik Holm)
 Tier und Gott (Erik Holm)
 Bilder aus der Insektenwelt (Jean Henri Fabre)

Teks: Anka Eichhoff
 Fotos: Google (Mantids with lifted forearms)
 CA Schlettwein (Portrait mantid)
 Illustrasie "Insek tot bok": Erik Holm
 Illustrasie "Vreeslose jagter": Titelfoto Bilder aus der Insektenwelt